# WITSEERKEEL

## WAT JY MOET WEET

**"Beskerm jou kinders nou; laat hulle ingeënt word teen siektes wat met entstowwe voorkom kan word."**

### Wat is witseerkeel?

Witseerkeel is 'n ernstige siekte wat veroorsaak word deur 'n gifstof wat deur bakterieë gemaak word. Dit lei tot 'n dik laag agter in die neus wat dit moeilik maak om asem te haal of te sluk.

### Wat is die simptome van witseerkeel?

Witseerkeel begin met 'n seer keel, ligte koors en kouekoors. Dan swel die keel op en dit word gevolg deur die witseerkeel-gifstof wat 'n dik laag maak agter in die neus of keel en die nek wat opswel. Die laag kan wit of gryserig wees.

### Hoe word witseerkeel versprei?

Witseerkeel word versprei wanneer 'n persoon wat die siekte het, hoes of nies. 'n Persoon kan ander mense aansteek vir tot twee weke nadat hulle daarmee aangesteek is. Verlengde noue kontak is nodig vir die infeksie om te versprei.

### Hoe kan witseerkeel voorkom word?

Deur kinders in te ent met die witseerkeel-entstof in kombinasie met ander entstowwe(Hexavalent) wanneer hulle 6 weke, 10 weke, 14 weke en 18 maande oud is en die Tdap-entstof as versterkdosis wanneer hulle 6 jaar en 12 jaar oud is. **Die entstof is GRATIS by alle klinieke beskikbaar. Dokters beveel aan dat alle kinders die entstof kry.**

### Wie is vatbaar vir witseerkeel?

Enige persoon wat nie teen witseerkeel ingeënt is nie, kan die siekte kry. Witseerkeel tas meestal kinders aan, maar enige ouderdomsgroep kan aangetas word.

### Wat kan gedoen word as die simptome voorkom?

Gaan asseblief dringend na jou naaste kliniek om ondersoek te word. Indien daar 'n vermoede is dat dit witseerkeel is, sal laboratoriumtoetse gedoen word.


Wes-Kaapse Regering
VIR JOU

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD
Making progress possible. Together.